DEEL 115 | WEEK 35 | 1 SEPTEMBER 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUM…

# 150 GENADEJARE LATER



Op 16 Augustus 1873 word die NGK Heilbron Moedergemeente amptelik gevestig. Die gemeente stig van Kroonstad af wat op daardie stadium 6 000 siele sterk was. Die stigting van die dorp, Heilbron, en die ontstaan van die gemeente loop hand-aan-hand.

Die dorp en die gemeente is geleë op die destydse plaas, Rietfontein. Die dorp en die gemeente se naam verwys na die sterk fontein wat as primêre waterbron destyds in die gebied geloop het. Ds. HW van der Merwe van Kroonstad was die gemeente se eerste konsulent totdat prop. DJ Minnaar in 1879 as predikant van die gemeente bevestig is. In 1880 lê pres. Jan Brand die hoeksteen van die kerkgebou.

Nóú, 'n 150 jaar later, in 2023, kyk die gemeente terug en kan 'n eeu-en-'n-half se bedrywighede in net een sin opgesom word: "Genade - onbeskryflik groot!"
Natuurlik kan hierdie mylpaal nie ongesiens verby gaan nie en Sondag word daar behoorlik deur die Moedergemeente fees gevier.
"'n Loffees, 'n dankfees, 'n nagmaalfees - vir dít wat was, dít wat is en ook dít wat nog kom," lui die gemeente se uitnodiging na alle belangstellendes.
Om die geleentheid ekstra spesiaal te maak, gaan Ronell Erasmus die lofsang kom lei terwyl Ina Dreyer die feesgangers met haar talent op die orrel kom bederf.
'n Heerlike saamkuier van Moederkerkers met oud-predikante, -lidmate, vriende en besoekers word beplan en almal word genooi om aan die lekkerte van die feestafels te kom deel terwyl staaltjies uit die verlede en onthou-oomblikke vir seker groot besprekingspunte sal wees.
Die diens begin Sondag om 9:30 en die gemeente nooi die hele gemeenskap om in hierdie spesiale geleentheid te kom deel.
"Kom wees saam met ons dankbaar oor God se genade wat ons gemeente die afgelope 150 jaar gedra het. Sy genade is vir al sy kinders genoeg."

BLYWEESFEES
Kom geniet die dag saam met ons
Saterdag 02 SEPTEMBER VANAF 09:00 BY KERKSAAL
NG Kerk Heilbron-Suid Gemeente
KERRIE EN RYS
PANNEKOEK
VLEIS, BEES & SKAAP @ BILLIKE PRYSE
NAALDWERKWINKEL SOSATIES GEBAK
WORSBROODJIES BOEREWORS POEDING
MUSIEK EN ANDER VERMAAK VIR KINDERS
KOFFIE, TEE & KOELDRANK WIT OLIFANTE
VERHOOGSTUK OM 10:00 MOET DIT NIE MIS NIE "SWAN LAKE"

BKB
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre
Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Jan-Hendrik Claassen: 074 490 5451
Waar sake elke keer die eerste keer reg gedoen word



HIGH FERT HF KUNSMIS
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Groot Optog in Heilbron

## *'n Roep vir 'n Skoon en Verantwoordelike Polisiediens*






Die inwoners van Heilbron het op Vrydag, 25 Augustus, saamgekom vir 'n groot optog om hul stem te laat hoor. Lede van Sandersville en omliggende areas het hul verenig by die polisiestasie in protes teen 'n vermoedelike dwelmbaas wat onlangs gearresteer is. Die optog is 'n duidelike uitdrukking van die gemeenskap se teenstand teen die toestaan van borgtog vir hierdie individu. Die optog het ook gedien as 'n geleentheid om 'n memorandum aan Generaal Makuba te oorhandig, waarin die gemeenskap eis dat die kommissaris binne 14 dae uit sy pos verwyder moet word. Hierdie eis is gegrond op die bepalings van Artikel 17 van die Grondwet van Suid-Afrika, wat die reg van alle burgers beklemtoon om vreedsaam en ongewapend saam te kom, te demonstreer, petisies aan te bied en hul standpunte bekend te maak.

Die optog en memorandum dien as 'n uitdrukking van die inwoners van Heilbron se konstitusionele regte binne die raamwerk van nie-geweld en die beskerming van eiendom. Heilbron was altyd 'n veilige plek vir ons gemeenskappe om in te woon, maar die toenemende gebruik van dwelms deur ons jeug het 'n skaduwee oor ons gemeenskap omvou en vernietig die lewens en drome van die jong mense. Die gemeenskap beweer ook dat die dwelmbaas nie alleen optree nie, maar eerder in samewerking met hoër gesaghebbers is. Hierdie patroon van moontlike korrupte bande tussen misdadigers en die polisie bemoeilik die handhawing van die wet en die handhawing van reg en orde in ons gemeenskap.

Die optog en memorandum wys op die ernstige vraagstuk van die verhouding tussen misdadigers en die polisie. Die gemeenskap van Heilbron beklemtoon die belang van die polisie se lojaliteit teenoor die Republiek en sy burgers, eerder as korrupte bande met misdadigers. Hierdie situasie bring verskeie vrae na vore:

1. Aan wie het die polisie hul lojaliteit gesweer?
2. Dien hulle die mense in Heilbron, of is hulle uniform-draende handlangers van misdadigers?
3. Het hulle vergeet dat dit die burgers is wat hulle aanstel en hul salarisse betaal?
4. Is die polisie objektief en onpartydig?

'n Demokrasie leef op die beginsel dat die mense die staat is en die polisie bloot openbare dienaars wat die staat dien. Dit is nou reeds meer as 25 jaar sedert die vestiging van ons demokrasie, en tog blyk dit dat ons steeds in 'n toestand van misdaad en ongelykheid verkeer. Heilbron is 'n voorbeeld van 'n gemeenskap wat deur dwelm bendes geteister word, terwyl korrupte polisiebeamptes die probleem vererger.

Die inwoners van Heilbron het die besluit geneem om die polisie tot verantwoordelikheid te roep. Die inwoners van Heilbron is vasbeslote om geregtigheid te vind en te verseker dat die polisie hul taak nakom om die gemeenskap te beskerm en misdaad te beveg. Hierdie optog en memorandum beoog die volgende:

1. Die skepping van 'n skoon, deursigtige en verantwoordelike polisiediens.
2. Die vestiging van 'n doeltreffende polisiediens wat misdaad en korrupsie op interne en eksterne vlakke beveg en terselfdertyd die samelewing beskerm volgens die bepalings van die Republiek en die Grondwet. Die inwoners van Heilbron maak 'n duidelike stelling dat vrede en veiligheid nie op die spel gesit sal word nie. Hulle is vasbeslote om die toekoms van hul gemeenskap te beskerm teen die vernietigende invloed van dwelm bendes en korrupte polisiebeamptes. Hierdie optog is 'n daad van liefde en toewyding aan die toekoms van die gemeenskap en die generasies wat nog moet kom. Die inwoners van Heilbron sal nie terugstaan nie, maar sal veg vir geregtigheid, vryheid en die reg van alle burgers om veilig en gerespekteer te lewe.



# UIT DIE PEN: *Week 35 van 2023*

In matriek het ons ook die Groot Kleursport gehad. Kleintyd was dit die groen span en die rooi span. Later het groen verander in blou, nugter weet hoekom. Net toe ek gewoond was aan die groenes.

Ons het atletiek liedjies geoefen en daardie dag geskree dat jou stem die aand skoonveld was. Ek het bitter min aan atletieknommers deelgeneem: ek is van kleins af gebou vir stamina en nie vir spoed nie. Ek het gedog dat ek eerder kan gaan gewigstoot, maar helaas wou die afrigter hê dat ek ook, saam met die fikses, reg rondom die baan moes hardloop en opsitte en opstote moes doen. Daarvoor het ek nie kans gesien nie.

Ek wou eerder net ’n rasieleier wees. Wat ek darem in my matriekjaar kon doen. Ons, die rooies, het “Rock” voorgestel. Die Bloues was meer bedeesd, hulle het ’n vliegtuig en aan die kant van die paviljoen uit hout en papier gebou en hulle rasieleiers was soos vlieëniers en lugwaardinne uitgedos.

Die Rooies nie. Ons het (vir daardie tyd) korterige swart rompies aangehad, ’n rooi toppie, swart sykouse en hoë swart skoene. Die hare het soos ’n bol hoesenaam in die lug gestaan en ons het groot oorbelle aangehad. Met groot kettings om die nek.

Die drie seuns rasieleiers het die vorige dag hulle jeans vol klippe gepak, die onderkante met rek toegemaak en dit met ’n tou aan ’n motorfiets vasgemaak. Die bestuurder het die jeans deur die strate gesleep totdat dit gate ingehad het. Saam met ’n rooi wessie-hempie en ge-jelde hare was hulle tiptop.

Ons ses leiers het met drie karre op die atletiekbaan gestop: twee rooi Mercedes Benze en een baie, baie ou Cadillac. Die twee rooies het aan weerskante van die Cadillac gestop en die twee seuns en meisies (waarvan ek een was) het uitgeklim terwyl die paviljoen gejil het. Alles natuurlik so gereël.

Toe die twee hoofleiers uit die Cadillac uitklim, storm die graad 8’s op die veld met klein papiertjies waarop ons handtekeninge moes gee. En fotograwe. Pure paparazzi.

Ons het voor die klomp skoolkinders gestaan en gedirigeer. Nie dat dit enigsins musiek vir jou ore was nie, net ’n geskree wat glad nie sin gemaak het nie. Goed soos: “Cumbaje, who do we talk about? Mighty mighty rooies. Walking along and singing a song with Cumbaje.” Tot nou toe nog weet ek nie wat Cumbaje is nie.

Dit was een van my skool hoogtepunte.

Ek dink dat ek in my vorige lewe ’n voltydse rasieleier was. Want ek kan dit nog steeds baie goed doen.

Onlangs het ons maatskappy ’n opleidingsessie gehad. Daar was mense vanuit die mooie Kaap, uit Durban, Bela-Bela, Upington. Ek het nie ’n aanbieding gelewer nie, maar ek is aangesê om die raadslede te ontvang en om die te help waar ek kan. Wat ek goed kon doen.

Elke kollega het ’n aanbieding oor ’n sekere tema gedoen, ons het ander kenners gekry om te kom vertel wat die regsimplikasies van sekere aksies is.

Ná elke aanbieding het ek die handeklap ingelui. Ek het immers in die voorste gestoeltes gesit. Nie omdat dit my eie keuse was nie. Toe die hoofspreker aan die beurt kom, sê sy dat ek die ene is wat soms haar knoppies druk (ek het die voorlegging op die rekenaar hanteer) maar meeste van die tyd haar rug toehou.

Dit was vir my ’n kompliment: dat ek iemand se rug toehou.

Ek hou daarvan om mense te ondersteun. Dis my kos. Dalk is dit hoekom dit vir my so moeilik is wanneer ek sien dat ander mense nie ondersteuners het nie. Of wanneer iemand ’n ondersteuner se gees afbreek.

Verlede week het iemand naby aan my nie ’n goeie week gehad nie. Kom ons noem hom sommer Piet.

Piet het uit sy pad gegaan om navorsing oor sekere onderwerpe bymekaar te maak. Oor drie uiteenlopende temas. Behalwe dit, reël hy al die opleidingsessies. Voordat iemand opdaag, het hy klaar die kragkabels aangelê en klanktoetse gedoen. Sodat alles perfek kan wees wanneer die aanbieder begin. Hy het die drie voorleggings tydens ’n nasionale kongres gedoen, waar hy agterna hartlik bedank is.

Met die terugvoer na afloop van die kongres is hy uitgevra oor sy navorsing: hoekom het hy dit gedoen? Was die voorleggings nou regtig nodig? Wat van hy bly by sy oorspronklike taakomskrywing?

My goeie man beskryf my as “moeilik”, my ou pa het ook. Maar as ek opmerkings soos bogenoemde hoor, raak ek “moeilik”, want dan kan ek doen presies net wat hulle vra: Bly by my oorspronklike taakomskrywing.

Doen net wat ek moet doen en niks meer nie.

Maar ongelukkig is ek ’n rasieleier. Soos Piet. Ek ken baie ander rasieleiers wat, benewens hulle eie werk, ook ander mense ondersteun. Dalk om net ’n kragkabel te lê, om seker te maak dat almal lekker koffie het of dat iemand ’n stoel het om op te sit.

Party mense kry hulle energie deur om in groot groepe mense te wees en die hart van die party te wees. Ander kry hulle energie deur stil te wees. (Behalwe met beurtkrag: dan het niemand energie nie). Ek kry energie deur ’n rasieleier te wees.

Hierdie week se les is vir die werkgewers en kollegas rondom ons: laat diegene wat jou span se rug toemaak, juis dit doen. Laat hulle toe om ander se rasieleiers te wees.

So bou ons beter spangees en kan ons mekaar na hoër hoogtes aanpor.

Ek wonder of daardie stokou Cadillac nog werk?

Wat ek nagelaat het om te noem, was een onderwyseres se opmerking nadat ons as Rockers ons opwagting op die veld gemaak het. “Sies,” sê die juffrou, “julle lyk soos slegte vroue!”

Nee, juffrou, aan vandag se maatstawwe was ons maar net gewone rasieleiers.

# INSPIRASIE RESEPTE - *Pasch du Plooy*



Biltong het geen bekendstelling nodig nie. Die meeste families in ons land het hulle eie resep wat deur die generasies gebruik word, 'n wonderlike tradisie! Deesdae maak mense wel minder hulle eie biltong, maar het wel daai een slaghuis of plek waar hulle gaan biltong koop. Geelvet is definitief 'n vereiste en daar moet genoeg geskroeide koljander op wees. Hierdie is een van my aanpassings op die tradisionele resep. Probeer dit gerus een Saterdag saam met jou gesin, 'n lekker aktiwiteit wat selfs die kleinspan baie sal geniet.

**ROOIWYN BILTONG CARPACCIO**

Voorbereidingstyd – 4 tot 5 dae
Kooktyd - geen

**Bestanddele vir die biltong**

4 kg bees, silverside, 2 cm dik skuiwe gesny
250 ml rooiwyn
250 ml bruin asyn
Die sap en skil van een lemoen
2 takkies vars tiemie, gekneus
1 ½ koppie biltong speserye

**Metode vir die biltong**

Meng die wyn en asyn met die lemoen skil en sap. Voeg nou die tiemie by en sit eenkant.

Gebruik 'n plastiekbak en plaas die biltong vleis plat onder in die bak. Gooi nou die rooiwyn en asyn mengsel bo-oor die vleis. Plaas die vleis in die yskas vir 12 ure.

Onthou om die vleis elke nou en dan om te draai. Haal die vleis uit die wyn mengsel na 12 ure en gooi die wyn uit.

Plaas die vleis terug in die bak. Sprinkel nou die vleis met 'n goeie laag van die speserye aan beide kante. Plaas in die yskas vir 12 ure, draai die vleis om na 6 ure.

Na 12 ure, haal nou die vleis uit die bak en hang dit in 'n koue area waar daar 'n wind trek. 2-3 dae is genoeg vir die carpaccio.

**Bedien so**

Sny die carpaccio in baie dun skyfies met 'n skerp mes. Plaas op die bord en bedruip met balsamiese asyn en olyf olie. Dun gesnyde vars rooi-ui is ook baie lekker saam met dit. Dit werk goed as 'n voorgereg by 'n braai of selfs as 'n ligte aandete in 'n slaai.

**Sjef notas:**

Vra jou slaghuis vir vrywei C-Graad vleis. Dit het daai lekker geelvetjie.





















HERALD Gemeenskapsnuus

# Piet du Plooy oorlede



Oom Piet du Plooy is Maandag op die rype ouderdom van 95 jaar oorlede. As oudleerling van Hoërskool Heilbron het hy na skool gaan boer op die plaas Soetmelksvlei in die Gottenburg omgewing en was getroud met Paula, 'n nooi Rademan. Oom Piet was die afgelope tyd bedlêend, waar sy oudste dogter na hom omgesien het in Pretoria. Hy word oorleef deur drie kinders, Hannelie Mocke, Elmie Kleyn en Ian du Plooy. Die troosdiens vind plaas op Dinsdag 5 September om 12:00 vanuit die NG Moederkerk Heilbron.

POSTNET HEILBRON
BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30
Saterdae: 09:00 - 12:00
Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006


# Geliefde inwoner oorlede



*Tannie Stien Vosloo, 'n ou bekende inwoner van Heilbron is oorlede op die 27ste Augustus 2023. Sy sal ter ruste gelê word op die 5de September 2023 om 11:00vm by die Vegkop Terrein. Die diens word waargeneem deur Ds. Hans van Vuuren.*




# Stap met 'Vrystaat Ferrari's'



*Op die foto bo tannie Rita Hoffman, 'n 90-plusser voltooi die stap op eie stoom!*





*Die Huppel Trippel Klub het Dinsdag hulle tweede rolstoel stap-dag gehou. Die son het saggies geglimlag en die wind het gewag tot die stap verby was. Só het die natuur bygedra tot nog 'n vreugdevolle saamkuier-oggend. Die rolstoelryers en -stoters het dit eweveel geniet. By die 'pitstops' is heerlike verversings geniet. Op 12 September word 'n varsgebraaide boereworsbroodjie te koop aangebied. Tussendeur sal jukskei en volleyball gespeel word en kettie geskiet word.*

ICEBERG TRUCK STOP ON THE R57

VAKANTE BETREKKING
BESTUURDER
WEGNEEM ETE & RESTAURANT

Is jy 'n ervare en passievolle leier in die voedselbedryf?
Groei jy in 'n vinnige omgewing en het jy 'n sterk besigheidsvernuf?
Ons het 'n opwindende geleentheid vir 'n toegewyde en dinamiese individu om aan te sluit as die Bestuurder van 'n wegneemrestaurant!

Hoofverantwoordelikhede:
As bestuurder van die wegneemrestaurant, sal jy verantwoordelik wees om toesig te hou oor die daaglikse bedrywighede en die hoogste standaarde van klante tevredenheid te verseker.

Vereistes:
1. Vorige ondervinding in 'n bestuursrol binne die voedselbedryf, ideaal in 'n restaurant en wegneem onderneming
2. Sterk leierskap en interpersoonlike vaardighede, met die vermoë om 'n span te motiveer en te inspireer.
3. Uitsonderlike organisatoriese en multitasking-vermoë, met 'n skerp aandag aan detail.
4. Uitstekende kommunikasievaardighede, beide mondelings en skriftelik.
5. 'n Klantgesentreerde ingesteldheid en 'n passie om uitstaande diens te lewer.
6. Vertroudheid met voedselveiligheidsregulasies en beste praktyke.
7. Vaardigheid in basiese rekenaartoepassings en verkooppuntstelsels.

As jy gereed is om hierdie opwindende bestuursgeleentheid aan te pak, dien asseblief jou CV in, saam met 'n dekbrief wat jou relevante ervaring beklemtoon en hoekom jy glo jy is die ideale kandidaat vir die pos.
E-pos jou aansoek na ltboerdery@yahoo.com

*Let wel: Slegs kandidate op die kortlys sal vir 'n onderhoud gekontak word.*

# Raaisel oor beeswaentjie



*Die rustige atmosfeer van Langmarkstraat is skielik deur die klank van metaal en die gebulk van beeste versteur toe die bakkie se bees-waentjie onverwags losgekom en omgeslaan het. Die erf van Johan Nelson was die toneel van 'n skokkende ongeluk Saterdagmiddag. Die voorval het plaasgevind terwyl die drywer op pad was vanaf Lindley na Sharpeville, waar hulle woon. Vyf beeste was in die waentjie, maar ongelukkig het nie al die beeste die ongeluk oorleef nie. Twee van die beeste is op die toneel dood, terwyl die ander drie in die omgewing rondgeloop het. Hoe die waentjie losgekom het, is steeds 'n raaisel.*

# Gesloer met wantroue-mosie:

## *Opposisie eis spoed*

Opposisiepartye in Ngwathe se raad het Maandag heftig gekla omdat hul beoogde mosie van wantroue in uitvoerende burgemeester Victoria de Beer-Nthombeni nog nie op 'n raadsvergadering bespreek is nie.

" Speaker Mopedi was teen Maandag 5 nm steeds in gebreke om dit te reël, strydig met die helder rooster in die reglement wat dit voorskryf," het DA-koukusleier Carina Serfontein Maandagaand aan die waarnemende munisipale bestuurder, Mnr T Manele, gesê. Sy het dit "baie duidelik aan hom gestel" die DA verwerp die gesloer, en sou desnoods regstappe neem indien dit nie binne 48 uur reggestel word nie. Sy sê sy het toe van hom verstaan hy sou Speaker Mopedi onmiddellik daaroor adviseer.

Die DA het reeds op 10 Augustus kennis gegee van sy beplande mosie van wantroue in die burgemeester. Dis gedoen in terme van die raad se reglemente, en die mosie het die steun van die VF+.

Die besluit op so 'n drastiese stap volg op voortslepende kwellings en skielike krisisse wat leemtes uitwys. "Die groot leemte is aan sterk leierskap, hoewel bestuursvernuf ook hopeloos tekort skiet," sê die DA. Dit lei tot gedurige probleme, veral met watervoorsiening, elektrisiteit, geldsake, instandhouding, aankope, en die bestuur van kontrakte.

Die opposisie wil inspirerende en doeltreffende leierskap hê: "daarom hierdie mosie."

By ons ter perse gaan was dit steeds onduidelik wanneer die mosie in die raad bespreek gaan word.






Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 heraldnuus@heilbron.co.za

# Heilbron OK gee terug aan hul kliënte




*Op die foto Jacqualine Broderick en Pieter Pienaar (Bestuurder OK).*




*Op die foto Magda Els en Pieter Pienaar (Bestuurder OK).*




*Op die foto Tanya Claasen en Pieter Pienaar (Bestuurder OK).*

# "Heilbron Held: Rina Hartzer -

## *'n Ware Wonder van Barmhartigheid*



Om 'n superheld of heldin te wees, vereis verskeie aspekte. Wonderwoman beskik oor superkragte, terwyl Catwoman buitengewoon is op haar eie manier. Hierdie Augustusmaand skyn die Heilbron Hero die lig op Rina Hartzer. Rina is 'n vrou sonder vrees wat nie huiwer om iemand in nood te help nie. Of dit nou 'n kind in nood is, 'n ondersteunende hand by 'n insameling, of bloot 'n hulpelose dier in nood – Rina doen buitengewoon baie vir die gemeenskap, soms sonder dat dit opgemerk word. Vir hierdie redes is Rina die Heilbron Hero vir Augustusmaand."







# Proud of their learners




*School of Destiny congratulate the following Hatfield Online students on their results obtained in Cycle 2. We are proud to say that Princess Lekota, Grade 9 are a Top 10 achiever amongst 172 Grade 9 students. And we are proud of Atlehang Letsoko, Grade10, that is one of the Top 10 improvers.*
*Left: Princess Lekota (Grade 9). Middle: Nadia Botes (Supervisor)*
*Right: Atlehang Letsoko (Grade 10)*


Heilbron Eiendomme

**Wiam: 084 805 3794**
**Annelize: 082 331 9856**

VOLLEDIGE LYS VAN EIENDOMME OP ONS WEBWERF

**www.heilbroneiendomme.co.za**

**NUUT GELYS - VEGKOP (ALLEENMANDAAT)**

Uiters netjiese ruim en sonnige huis, geleë in goeie en stil area.

**Huis bestaan:**

- 3 Slaapkamers met ingeboude kaste
- 1 Kantoor of ekstra slaapkamer met ingeboude kaste
- Sit/Eetkamer & kombuis (Vorm 'n oopplan)
- 2 Badkamers: 1 met stort en 1 met bad
- Ruim waskamer met ingeboude kaste
- Lapa met ingeboude braai
- Swembad met verhittingstelsel op die dak
- Motorhuis vir 5 motors
- Hele erf is netjies omhein / elektriese motorhek en motorhuisdeur
- Groente tonnel
- Alarmstelsel en kameras
- Watertenk

**R1 470 Miljoen**

**HUIS TE HUUR**

Baie netjiese 3 slaapkamerhuis met 1½ badkamer, sitkamer, eetkamer en kombuis, asook 'n ruim 1 slaapkamer woonstel met badkamer, sitkamer, kombuis en stoep. 1 Motorhuis en 1 motorafdak.

**8 000 per maand**



**NG KERK HEILBRON – MOEDERGEMEENTE**
**VAKANTE SKRIBAPOS**

Die Kerkraad van bogenoemde gemeente adverteer die skribapos in biddende afhanklikheid van die Here.

**Sluitingsdatum:** Vrydag: 22 September 2023
**Werksure:** Maandag tot Vrydag – 08:00 tot 13:00

**DIE GESKIKTE KANDIDAAT**

Enige lojale en meelewende lidmaat van die Ned Geref Kerk, is welkom om vir die pos aansoek te doen. Aansoekers moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud.

**VEREISTES**

**Die volgende vereistes is ononderhandelbaar.**

- Betroubaarheid.
- Pastelvaardigheid.
- Hantering van salarisse en lone deur Pastel Payroll.
- Goeie kennis van boekhouding.
- Sterk administratief.
- Beskikbaarheid gedurende naweke.

**VERGOEDING**

'n Mededingende vergoedingspakket sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

**AANSOEKE:** Alle aansoeke word gerig aan ds Braam van Zyl by – braam@ngheilbron.co.za

Die Kerkraad behou homself die reg voor om geen aanstelling te maak, indien daar nie 'n geskikte kandidaat is nie.

# Ons wens julle geluk met 150 genadejare!

Heilbron NGK Moedergemeente
150 JAAR
Kom vier 150 genadejare saam met ons!
'n Loffees, 'n Dankfees, 'n Nagmaalfees
vir dit wat was, dit wat is en ook dit wat nog kom.
3 September 2023
9:00 vir 9:30
0828216677

BONUS HARDWARE
Baie Geluk!
Mag die lewe se rykste seëninge altyd saam julle wees! Hoop hierdie jaar is vol goue gawes.
058 853 0169 | 31 BREË STREET | HEILBRON

NG Moedergemeente, dit is met groot blydskap en dankbaarheid dat ons, ons Hemelse Vader kan dank dat Hy julle die afgelope 150 jaar gespaar en geseën het om Sy Woord in hierdie gemeenskap te verkondig.

Mag Sy genade met julle vir die volgende 150 jaar wees.

Van Heilbron Riemlandmuseum

LSR Louise Snyman
Mag God se seën oor julle heers en mag goedheid en guns julle volg reg deur die nuwe lewensjaar!

OK Foods
HEILBRON
Geseënde Verjaarsdag aan NG Moeder.
Geluk & voorspoed vir nog 150 jaar!

CH Tombstones & Granite Works
Ons by CH Tombstones and Granite Works wil hartlik geluk sê aan NG Moedergemeente met hul 150ste bestaansjaar. Dankie vir onbaatsugtige diens aan Heilbron en die geloofsgemeenskap. Mag daar nog meer as 150 jare wees van genade vir die kerk en gemeenskap!

DUPNO Trading
VEELS GELUK AAN NG MOEDER MET DIE GROOT VERJAARSDAG!
AAN GOD KOM AL DIE LOF TOE! HY HET ONS IN CHRISTUS GESEËN MET AL DIE SEËNINGE VAN DIE GEES WAT DAAR IN DIE HEMEL IS.

Cobus van Wyk
oogkundiges | optometrists
Geluk, Vrede, Voorspoed, Liefde en baie seëninge!
op nog 150 jaar!

Veels geluk liewe NG Moeder omdat jy verjaar, mag die Here jou seën en nog baie jare spaar!

STAR SLAGHUIS
VEELS GELUK!!!
Star slaghuis wens NG Moedergemeente hartlik geluk met hul 150ste bestaansjaar!
Dankie vir julle bydrae tot die geloofsgemeenskap.
Op nog 'n 150 suksesvolle jare!

AfriForum
Baie, baie geluk aan NG-Moedergemeente! Nog vele jare van voorspoed!
Mag elke gemeenskapslid omring word deur die liefde van Jesus Christus.

CORNELIUS & PARTNERS
HIERMEE WENS ONS NG-MOEDER KERK BAIE GELUK MET DIE 150STE BESTAANSJAAR. NOG GOEIE JARE WORD VIR JULLE TOEGEWENS!

Hartlike gelukwense aan NG-Moeder Kerk
'n Geseënde Loffees en kolskoot verjaarsdag!
van almal by Riemland Jagtersvereniging

Nappy Station & Late-Nite Video Heilbron
Pleinstraat 38 | 38 Plein street
Gelukwense aan NG-Moedergemeente!
Mag hierdie viering gekoester word in die teenwoordigheid van die Here!
Voorspoed en seëninge vir die volgende 150!

Geluk aan NG-Moeder, mag die volgende 150 jaar net so geseënd wees!
PAKWORKS
Tel: 058 852 3068

ONS WENS VIR JULLE 'N GESEËNDE TOEKOMS
Ons Bid op hierdie besonderse verjaarsdag vir elkeen liefde, vrede, vreugde en die gawes van die Gees.
BAIE GELUK OP 150!
Heilbron Herald

# KENNISGEWINGS

## AUCTION/VEILING

**Case No. 183/2023**
In the magistrate's Court for the district of Fezile Dabi held at Heilbron.
**In the matter between:**
**HEILBRON HERALD (PROPRIETARY) LIMITED**
*Execution Creditor*
and
**GOVERNING BODY OF PHIRITONA SECONDARY SCHOOL**
*Execution Debtor*
**NOTICE OF SALE IN EXECUTION**
1. Kindly take notice that in terms of a Judgment granted on 15th day of June 2023 in the Heilbron Magistrate Court and a Warrant of Execution issued thereafter, a Sale in Execution of the under mentioned good will be held.
**The particulars of the sale / auction are as follows:**
1.1 **Date:** 18th day of September 2023
1.2 **Time:** 13:15
1.3 **Place:** Magistrates Court Heilbron
2. In terms of Regulation 20 (3) of the Consumer Protection Act 68 of 2008, full details of the advertisement and description of the goods are available during ordinary business hours at the offices of the undermentioned Attorneys and the Sheriff.
3. This Notice is published in terms of, inter alia, Regulation 20 (2) (b) of the Consumer Protection Act 68 van 2008, and access to the latter Regulations can be obtained on URL at URL; http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961
4. Prospective buyers are required to register before commencement of the auction.
5. FICA - legislation in respect of proof of identity and address particulars.
6. A registration fee of is payable before commencement of the auction.
7. The office of the Sheriff of Heilbron will conduct the sale with auctioneers WF Minnie
8. Method of payment: cash, bank guaranteed cheque or electronic transfer, subject to acceptable proof of payment.
9. Advertising costs at current publication rates and sale costs according to the court rules, apply.

**DESCRIPTION OF GOODS OR PROPERTY:**
**2 X WOODEN FILING CABINETS**
**1 X DESK AND CHAIR**
**1 X HP PAGE WICK MANAGER COLOUR MFP77940 COPY MACHINE**
**1 X RICOH MP 5055SP COPY MACHINE**
**1 X BOARDROOM TABLE AND 12 CHAIRS**
**1 X OLIVETTI P-COPIER 255MF COPY MACHINE**
**30 X GREEN OFFICE CHAIRS**
Dated at Heilbron on 15 August 2023.
**R SCHUTTE**
**EXECUTION CREDITOR'S ATTORNEYS**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**HEILBRON, 9650**
**P.O. BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: litigasie@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035, FAX 058 852 1838**
**REF: HER4/0015**

## GEREGTELIKE VERKOPING

**Saaknommer 43/2022**
In die Landdroshof vir die distrik Heilbron, gehou te Fizile Dabi.
Tussen:
**BEN SLABBERT**
*Eiser*
en
**NR FERNDALE**
*Verweerder*
Ingevolge 'n Vonnis gelewer op 17 Maart 2023, in die Heilbron Landdroshof en 'n Lasbrief vir Eksekusie daarna uitgereik, word die goedere beskryf in eksekusie verkoop te Landdroskantoor, Elsstraat, Heilbron op die 18de dag van September 2023 om 13:15, aan die hoogste bieër:
**GOEDERE**
**1. SAMSUNG DIAMOND DRUM TOP LOADER**
**2. BOSCH TUIMELDROËR**
**3. HOUTTAFEL EN 2 STOELE**
**4. SILVER YSKAS WATERDISPENSER**
**5. 1 X SITKAMERSTEL**
**6. DEWAL KOOLSTOOF**
1. Reëls van hierdie verkoping is beskikbaar 24 uur voorafgaande die verkoping te die Landdroskantoor, Elsstraat, Heilbron.
2. Registrasie as koper is 'n vereiste onderworpe aan bepaalde voorwaardes o.a.
   2.1 Voorskrifte van die Verbruikersbeskermingwet 68 van 2008 (URL.http:www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?ID+99961)
   2.2 Fica-wetgewing m.b.t identiteit en adres besonderhede
   2.3 Betaling van registrasiegelde
   2.4 Registrasievoorwaardes: Verkoping sal geskied deur die kantoor van die Balju Heilbron met afslaer Wynand Mienie.
3. Advertensiegelde teen heersende publikasietariewe en verkopingskoste volgens hofreëls, geld.

Gedateer te Heilbron op die 29ste dag van Augustus 2023.
**(Get) JH JANSEN**
**EISER SE PROKUREUR**
**JANSEN PROKUREURS**
**PIERCESTRAAT 58, HEILBRON, 9650**
**FAKS NO. 0866650816**
**E-POS: jhjansen@jansenprokureurs.co.za**
**VERW: SLA8/0001/JHJ/cm**

Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **Otto**
First names: **Hester Dorothea**
Estate Number: **10763/2022**
Identity/passport number: **430221 0002 081**
Date of death: **26/09/2022**
Last address: **Farm Weltevrede, Sasolburg, Free State**
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 1 September 2023 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Heilbron.
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**HEILBRON, 9650**
**P.O. BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: AA SCHUTTE**
**DATE SUBMITTED: 2023/08/24**
**PUBLICATION DATE: 2023/09/01**

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **Mbangola**
First names: **Maseloane Elisa**
Estate Number: **25526/2021**
Identity/passport number: **770808 0327 084**
Date of death: **08/07/2021**
Last address: **3698 New Location, Phiritona, Heilbron, 9650**
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 1 September 2023 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Heilbron.
**In case of a marriage in community of property:**
First Names and Surname of Surviving Spouse:
**Kholisile Moses Mbangola**
**Identity/Passport Number: 701120 5552 086**
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**HEILBRON, 9650**
**P.O. BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: AAS/EH/B0107/0527**
**DATE SUBMITTED: 2023/08/22**
**PUBLICATION DATE: 2023/09/01**

**IN THE MAGISTRATE COURT FOR THE DISTRICT OF HEILBRON HELD AT HEILBRON**
**Case Number: 287/2021**
**In the matter between:**
**ELIAS MAITHONOKA DLAMINI**
*PLAINTIFF*
and
**PANTI AGREE NTHAKA**
*DEFENDANT*

## NOTICE OF SALE IN EXECUTION OF MOVABLE PROPERTY BY WAY OF PUBLIC AUCTION

PURSUANT to a judgment of the Magistrate Court and a Writ of Execution dated the 8th June 2023 under mentioned goods will be sold at on the 18th of September 2023 at 13:15 by public auction to be held the Magistrates Court, Els Street, Heilbron Free State Province, to the highest bidder for cash.
1. The sale is in execution pursuant to a judgment obtained in the Honourable Court.
2. The rules of the auction are available 24 hours before the auction and can be inspected at the office of the Sheriff Reitz, 22 Wet Street.
3. The auction will be conducted by the duly appointed Deputy Sheriff for Reitz in terms of Section 6(1) of the Sheriff Act 90 of 1986 as amended.
4. Registration as a buyer is pre-requisite subject to specific conditions inter alia
   4.1. Directive of the Consumer Protection Act 68 of 2008; (Url: http://www.info.gov.za/view/downloadfileaction?id-99961);
   4.2. FICA legislation in respect of proof of identity and address particulars.
   4.3. Payment of registration deposit of R1 000.00 in cash or EFT.
5. All goods will be sold "VOETSTOOTS".
6. Goods offered for sale are:
   **1 X DARK GREEN TOYOTA TAZZ MOTOR VEHICLE**

**REGISTRATION NUMBER: FDK 129 FS**
SIGNED at HEILBRON on the 29th day of August 2023
**SHERIFF OF THE COURT**
**(sgd) EP MULLER**
**ATTORNEYS FOR EXECUTION CREDITOR**
**ESTHE MULLER INC**
**85 GENERAL HERTZOG ROAD**
**THREE RIVERS, VEREENIGING**
**TEL: 016 423 2920**
**EMAIL: admin@esthemuller.co.za**
**Ref: EM/sa File No: H11243**

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

# TE KOOP

DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**TE KOOP**
**Voer te koop.**
*Skakel gerus*
*083 688 8256*
K0597

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen 079 040 0531**

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte Nommer T14034/1996** geregistreer in die naam van **MARTHA CHRISTINA ELIZABETH WOLMARANS, Identiteitsnommer 501113 0054 085** ten aansien van Restant van die Plaas Blyuitzigt 824, distrik Reitz, Provinsie Vrystaat, wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Bloemfontein op hede die 23ste dag van Augustus 2023.
**AANSOEKER: WESSELS & SMITH**
**FJ KAPP/rs/E05272**
**YORKWEG 1A**
**WAVERLEY**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**E-POS: bloemwess@internext.co.za**
**Kontaknommer: 051 436 1209**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937; of the intension to apply for the issue of a certified copy of
**Deed of Transfer T13385/2008**
Passed by:
**THE EXECUTOR OF THE ESTATE LATE FRANS JOHANNES VAN AARDT**
**ESTATE NUMBER 2639/2007**
In favour of:
1. **EMMERENTIA ELIZABETH DE KLERK**
   **Identity Number: 670916 0028 080**
   **Widow**
2. **MARGARETHA MULLER**
   **Identity Number: 690407 0012 080**
   **Married out of community of property**
3. **LORINDA VAN AARDT**
   **Identity Number: 701114 0014 085**
   **Unmarried**
4. **CELESTE BRONKHORST**
   **Identity Number: 720506 0064 084**
   **Unmarried**

in respect
1. **ERF 359 HEILBRON**
   **DISTRICT HEILBRON**
   **PROVINCE, FREE STATE**
   **IN EXTENT 1160 (ONE THOUSAND ONE HUNDRED AND SIXTY) SQUARE METRES**
   **HELD BY DEED OF TRANSFER**
   **NUMBER T13385/2008**

Which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at HEILBRON on the 25th day of AUGUST 2023.
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN ATTORNEYS**
**58 PIERCE STREET,**
**HEILBRON,**
**9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**
**VERW: DEK3/0001/JHJ/mp**

# SMALLS

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **Duiker**
First names: **John Gawie**
Estate Number: **624/2021**
Identity/passport number: **531012 5017 085**
Date of death: **08/01/2021**
Last address: **41 Joyce Street, Heilbron, 9650**
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 1 September 2023 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Heilbron.
**In case of a marriage in community of property:**
First Names and Surname of Surviving Spouse:
**Levisa Duiker**
**Identity/Passport Number: 600907 0102 087**
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**HEILBRON, 9650**
**P.O. BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: AA SCHUTTE/jf**
**DATE SUBMITTED: 2023/08/22**
**PUBLICATION DATE: 2023/09/01**

# HERALD Sport

# As die rolbalgogga byt

Baie mense wat dálk te oud raak vir die Vrystaatse winters besluit dan om pad te vat na warmer areas, oor die jare was dit 'n algemene gesig om te sien hoeveel Heilbronners "vlug" Tshipise toe - Pieter en Elsabeth Jooste is gewoonlik heel voor.

Julie 2021 toe besluit JC en Dolly Pretorius hulle moet ook nou pad vat, kamma te oud vir hierdie winters, veral noudat hulle ook in Heilbron se aftree-oord bly.

Volgens die ander inwoners is Tshipise net die plek. Almal sê dit is lekker daar, die weer is fantasties en daar gaan die wa!

Oeps! JC het nie besef dat die meeste van Tshipise se Swaeltjies rolbalspelers is nie.

Daar aangekom, word hulle gevra om rolbal te speel. Volgens JC en Dolly mag hulle dalk te oud wees vir die Vrystaatse winters, maar hulle is hopeloos te jonk om saam met die "oumense" rolbal te speel.

Maar hulle het nie tred gehou met rolbalspelers se oorredingsvermoë en "ge nag" nie en op 'n dag toe sê JC vir Dolly: "Vrou kom ons kry die mense van ons nekke af en gaan rol tog eenkeer saam met hulle."

Daar op die baan byt 'n gogga hulle, die alombekende rolbalgogga.

Nou word daar rolballe gekoop. Terug in Heilbron moet al die kinders en kleinkinders begin rolbal speel en alle plaaslike rolbalkompetisies moet gespeel word.

Gaan hulle êrens heen, dan word daar eers navraag gedoen of daar 'n rolbalbaan is.

Hierdie jaar is JC en Dolly hier weg met 'n "mission." Die trofees is 'n bewys van wat in Tshipise gebeur het.

Mans Novis Kampioen, algehele Novis Kampioen en "Lastman Standing". Boonop wen hy een maand se gratis staanplek asook 'n week by die see.

Terug in Heilbron, sal die nuwe rolbal seisoen verseker met dieselfde "mission" aangepak word.

Soos verlede week berig het Sasolburg se spelers hulle waarskuwings laat aflewer.



*Op die foto oorhandig Hannalie Claasen trofee aan Joggie Viljoen.*

Aan die einde van die dag was dit met 'n swaar hart dat Hannalie Claassen die trofee moes oorhandig, tranerig sê ek vir julle, tranerig.

Terugvoer vanaf Sasolburg spelers is dat alles goed georganiseerd was, die verversings en ete was soos gewoonlik uitstekend deur die Heilbron dames aangebied en die baan is in 'n uitstekende toestand en speel goed.

**Lede onthou: Algemene Jaarvergadering 7 September 2023 om 17:30 vir 18:00.**



*JC Pretorius met sy trofees.*

# Besoekers oorheers Bokkedag



Met 'n stormsterkte wind wat heeldag gewaai het kon min gholfers hond of haar uitmaak verlede Saterdag tydens die jaarlikse bokkedag op Heilbron se gholfbaan. Johan Venter se gholf was warmer as die veldbrande in die omgewing en wen die dag met 42 punte. Obi Oberholzer en sy seun Len speel ook warm gholf. Hulle eindig gelyk tweede op 41 punte. Na die uittel reël toegepas word eindig Len in die tweede plek en Pappie derde. Die algemene gesprek op die 19de putjie het gegaan oor die wind en gevoel as jy die heeltyd teen hom speel. Die aand se veiling het ook 'n paar rand ingebring en die Hoërskool onnies se middagete was een van die hoogtepunte.

Die HBA maandbeker is môre op die spel, inskrywings vanaf 10:30.

# Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag 26 Augustus 2023 het lede van Kransfontein Resiesduif klub vanaf Hanover twee Ope wedvlugte gevlieg. Die duiwe is gesamentlik gelos om 07:15 en het oor 'n afstand van 530 kilometer gevlieg terug na Reitz, die wind het sterk suid-wes gewaai en die Ope 1 wen duif is om 12:08 geklok.

1. Spartan Pigeons, 2. Wolmarans Hokke,
3. Du Plessis Hokke, 4. Wolmarans Hokke,
5. Liefde Hokke A, 6. Liefde Hokke A,
7. Wolmarans Hokke, 8. Liefde Hokke B,
9. Du Plessis Hokke, 10. Du Plessis Hokke.

Die wen duif op die Ope 2 wedvlug is om 11:35 geklok.

1. Wolmarans Hokke, 2. Du Plessis Hokke,
3. Du Plessis Hokke, 4. Spartan Pigeons,
5. Spartan Pigeon, 6. Du Plessis Hokke,
7. Heine Resiesduif Hokke,
8. Du Plessis Hokke, 9. Spartan Pigeons,
10. Heine Resiesduif Hokke.

Eerskomende Saterdag is 'n oop naweek en die Saterdag daarna vlieg die duiwe vanaf Drie Susters die Ope Kampioenskap en Veiling vlug.



*Op die foto is 3729 van Spartan Pigeons wat Hanover Ope 1 met 14 sekondes gewen het. Op foto onder is 419 van Wolmarans Hokke wat Hanover Ope 2 met 33 minute gewen het. Geluk aan Wolmarans Hokke met die groot wen met 33 minute.*




BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 04 SEPTEMBER 2023
DEVON Speenkalf veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
ARLINGTON Jaarliks veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
DINSDAG - 05 SEPTEMBER 2023
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
JOZINI Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134
WARDEN VETVEE Jaarliks veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036
ROODEDRAAI Kwartaallikse veiling
Kontak Jandre Moll 082 307 9169
BALFOUR: DASPOORT BOVELDERS
11:00, Reitfontein Balfour
Kontak Jurg Hayward 082 578 6241
VILJOENSKROON: KROON ANGUS
11:00, Rosa Viljoenskroon
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
WOLMARANSSTAD: NOORDWES SAVM
11:00, Wolmaransstad Skougronde
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
WOENSDAG - 06 SEPTEMBER 2023
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
JONKERSDAM: HOEVELD BONSMARA
11:00, Standerton
Kontak Carel Davel 082 331 1811
DONDERDAG - 07 SEPTEMBER 2023
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
VRYDAG - 08 SEPTEMBER 2023
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Jaco Breedt 082 440 8960
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
HEILBRON: IAN DU PLOOY
11:00, plaas Soetmelksvlei
Kontak Jan-Hendrik Claassen 074 490 5451
SATERDAG - 09 SEPTEMBER 2023
PARYS: NAS BRAHMAN VEILING
11:00, Afri -Dome
Kontak Piet Wessels 082 857 7827
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za



HEILBRON OK Foods
R200 000 GIVEAWAY
SPEND R200 OR MORE AND SWIPE YOUR OK LOYALTY CARD TO WIN YOUR SHARE OF R200 000
3 WINNERS PER WEEK FOR 20 WEEKS
VALID AT: HEILBRON OK FOODS, OK LIQUOR & OK EXPRESS
18 Aug 2023 until 05 Jan 2024
Terms and Conditions Apply